Heilbron
# Herald
*If it is not in the Heilbron Herald, it is only a rumour.*

WEEK 30 Deel 110
VRYDAG - 2 AUGUSTUS 2019

www.heilbronherald.co.za
R5-00 (BTW ingesluit)

# Petrus Steyn week sonder water

## Burgemeestershuis bly in die slag

Moedelose inwoners van Petrus Steyn en Mamafubedu het Maandagaand die reg in hul eie hande geneem en die burgemeester, Mamiki Mokoena, se huis aan die brand gesteek nadat hulle omtrent al 'n week sonder water was. Die burgemeester het hierdie duur prys betaal nadat leë beloftes aan die inwoners gemaak is om die inwoners van water te voorsien. Petrus Steyn en Mamafubedu is sedert Dinsdag, 23 Julie 2019 sonder water gelaat. Daar is bevestiging gekry dat die watertoevoer afgesny is weens 'n pomp wat gebreek het by die Van Der Berg pompstasie.

Volgens berigte het mnr Mansi, die munisipale bestuurder van Nketoana, gesê dat die pomp nog 'n ou model is en parte nie altyd bekombaar is nie. Die pomp is toe geneem na 'n hersteller in Kimberley wat klaarblyklik die pomp sal kan herstel. Verder word daar ook genoem dat die munisipaliteit 'n tweedehandse pomp aangekoop het om 'n toekomstige waterkrisis te kan vermy. "Daar is 'n halfvoltooide waterpyplyn vanaf Reitz wat veronderstel is om Petrus Steyn en Mamafubedu van water te voorsien asook aan die uitbreidings van Mamafubedu se verhoogde waterbehoeftes te voldoen. Hierdie pyplyn moes volgens beplanning in 2014 voltooi wees, maar weens onderlinge litigasie tussen die diensverskaffer en Nketoana is die werk ge-staak aan die pyplyn. Die ingenieursfirma wat aan die pyplyn gewerk het is afgedank en 'n nuwe in-genieursfirma is aangestel om die pyplyn te voltooi. Daar kan egter nie tans 'n projeksie gegee word van wanneer die pyplyn voltooi gaan word nie. Daar word ook ondersoek ingestel na die gebruik van boorgate om te help met watervoorsiening na Petrus Steyn en Mamafubedu, aangesien die dorp al vir jare slegs vir 'n paar ure op 'n dag water kry. Daar is egter nie tans fondse om die boorgate te ontwikkel om voldoende aan die behoefte te voorsien nie." noem 'n in-woner van die dorp. Die in-woners van Petrus Steyn het gedurende hierdie situasie dadelik hande gevat en saam ge-staan. Mnr Botha, DA Raadslid, het tesame met Afriforum 'n watertenk langs Salon Anna Bella laat oprig. Hierdie tenk het water aan die inwoners voorsien wat getap kan word. Botha het self hierdie tenk vol water gehou met water vanuit sy boorgat. So het ander inwoners ook hul waterkrane van boorgate oopgedraai en so hul bure gehelp.




Mev Heleen Muller, VF+ Raadslid, het ook haar boorgat beskikbaar gestel vir inwoners wat water nodig het. Muller het bevestig dat die water teen Dinsdag, 30 Julie herstel was, maar dat huise wat hoog lê tot op hede nog nie water het nie. Daar is nie genoeg druk om water te voorsien aan hoër geleë gebiede nie. "Daar was juis weer vandag water aangery na die ouetehuis om die inwoners van water te voorsien".

Volgens 'n mediaverklaring wat mev Muller uitgereik het, verneem die VF Plus dat die waterpomp stukkend is weens swak beplanning en instandhouding. "Die VF Plus sal voortgaan om terug te slaan teen swak dienslewering en sal stappe teen die verantwoordelike amptenare neem om toe te sien dat die inwoners van Nketoana die dienste ontvang waarvoor hulle betaal en op geregtig is."

ULTIMO
AUCTIONEERS
(Langs Telwiedrè Voere)
Laerstraat • Heilbron
VEILINGSDATUMS
VRYDAG
9 Augustus om 11:00
SATERDAG
24 Augustus om 11:00
Vir enige navrae of uit-die-hand verkope kontak
WOLTER 084 407 9394
*Implemente inskrywings is ook baie welkom.*

# MISDAADverslag

Vrydag, 26 Julie omstreeks 16:00 het daar 'n motorkaping in Heilbron by die Sasolburg T-aansluiting plaasgevind. 'n Motorhandelaar vanaf Sasolburg het 'n Volkswagen Golf GTI in Heilbron kom haal. Die handelaar was onderweg terug Sasolburg toe met 'n Isuzu bakkie en die GTI op 'n waentjie. 'n Onbekende Isuzu het hom van die pad af gedruk. Drie onbekende mans het die handelaar uit sy bakkie gedwing en hom in hulle bakkie gelaai, hy is vasgebind en hulle het weggejaag met beide voertuie. Die motorhandelaar is 23:30 die aand by Kliprivier afgelaai waarna hy om hulp gaan soek het. Die verdagtes het hom tydens die voorval erg aangerand. Daar is 'n saak by die polisie geopen. Die volgende voertuie is tydens die voorval gesteel en is steeds op soek. 'n Isuzu bakkie met registrasie nommer HCM326FS, 'n waentjie - FMW576FS en 'n Volkswagen Golf GTI - CR75KPGP. Indien daar enige inligting in hierdie verband is, kan die polisie geskakel word sodat verdere ondersoek ingestel kan word.

Gedurende Saterdagaand en Maandagoggend het 'n verkragting en moord op die plaas Helpmekaar in die Heilbron-distrik plaasgevind. Die verdagte het die oorledene verkrag en verwurg en haar daarna met 'n skerp voorwerp gesteek. Sy is Maandagoggend dood in haar woning aangetref. Na goeie ondersoek ingestel is, is die verdagte op die plaas, waar hy 'n werker was, gearresteer. Na verdere ondersoek is daar bevind dat die verdagte reeds op parool vrygelaat is nadat hy 15 jaar tronkstraf uitgedien het vir huisroof. Die saak het reeds Woensdag in die hof voorgekom, maar is uitgestel. Hy is steeds in Heilbron in aanhouding.

Die polisie doen 'n versoek dat die gemeenskap hul werkers moet ondersoek voordat hulle in diens geneem word. Huisbrake neem steeds toe in Heilbron en die omgewing. Hoofsaaklik word TV's en kos gesteel.

Gee dadelik inligting aan die polisie deur sodat arrestasies gemaak kan word.


Heilbron Herald VAKANTE POS
Heilbron Herald is op soek na 'n energieke, kreatiewe en dinamiese persoon om nuuswerwing en bemarking te doen.
Herald
Office National
POSBESKRYWING
1. Skryf artikels vir gedrukte en elektroniese media
2. Bou kontakte binne die bedryf om 'n vloei van nuus te handhaaf
3. Woon 'n verskeidenheid geleenthede by en neem foto's vir dekking.
4. Skep en laai nuusinhoud vir sosiale media-platforms
5. Voldoening aan streng sperdatums
6. Aanvanklike - en opvolgkontak en die deurlopende bou van verhoudings met kliënte
7. Ontwikkeling van 'n databasis van maandelikse adverteerders en ander kliënte
AANSOEKERS MOET AAN DIE VOLGENDE KRITERIA VOLDOEN
• Matriekkwalifikasie is 'n voorvereiste
• Hoërkwalifikasie sal voorkeur geniet
• Vlotheid in Afrikaans en Engels (gesproke en geskrewe).
• Vergoeding: Basiese salaris en Kommissie-gedrewe
• Ervaring in verkope en aankope
• Kommunikasievaardighede
• Rekenaarvaardigheid
• Bestuurderslisensie
Verkorte CV's met verwysings kan per e-pos gestuur word na abrie@heilbron.co.za
POS BESKIKBAAR VANAF AUGUSTUS 2019
Elsstr 44, Heilbron, 9650 • Tel: 058 852 3033 • Faks: 058 853 0140

FRANKFORT VEILING
FRANKFORT WEEKLIKSE VEILING
Elke Donderdag
te Royal Auction Centre



Vir kraalbesprekings en inskrywings, skakel:
Piet Boshoff, Sel: 083 210 7135
BKB Louwid Noord:
"Waar sake ELKE keer die EERSTE keer REG gedoen word!"
AFSLAERS: Posbus 220, Frankfort, 9830
Tel: 058 813 1071 Faks: 058 813 2317
E-pos: frankfort@bkblouwid.co.za
Reg. No. 2005/026173/07
NAVRAE:
Piet Boshoff 083 210 7135
www.bkb.co.za
BKB LOUWID

# terugblik



*Heilbron Herald, Vrydag 6 Mei 2011 - "POT-HOLES" DALK 'N DOEL*
*Die slaggate in ons paaie het dalk 'n doel! Een van ons lesers het Sondag hierdie foto geneem van 'n man wat besluit het om een van die gate in Langmark-straat Heilbron te gebruik vir 'n verfrissende bad. Die nuuskierige blikke van die verbygangers het hom min geskeel.*





Raak deel van ons lekker-lees gemeenskaps-koerant en stuur vir ons jou foto's van mylpale wat bereik is, asook ander aktiwiteite. Ons plaas dit graag.
Vir enige nuus wat jy graag met die lesers wil deel, skakel kantoorure by 058 852 3033.

**Elsstraat 44**
**Heilbron • 9650**
**Tel: 058 852 3033**

Herald
Office National


## Briewe aan: Redakteur

***Die volgende skrywe is ontvang van Heléne Howell van Huis Bron-van-Heil gerig aan die redakteur.***

**Die spieël van ons lewe:**

Die invloed wat ons op 'n ander se lewe het, is 'n skrikwekkende verantwoordelikheid. Ons krenk sonder nadenke. Ons kan met een onbedagsame woord of daad die lewe van 'n medemens onherroeplik van koers af stuur. Ons kan Jesus daagliks met ons voorbeeld verloën. Ons mag die verkondiging van Sy liefde, genade en soendood nie onteer deur die lewe wat ons lewe nie, iewers, elke dag langs die pad, sien ons broer of suster ons. Hy kyk na ons en ons moet sorg dat wat hul sien sy geloof en sy respek versterk. Die lewe is die spieël van ons binneste, van ons belydenis en van ons geloof. Om die Genade van God se liefde waardig te wees, om Sy liefde te verkondig soos Hy ons beveel, moet ons biddend en verantwoordelik lewe sodat ons nie ons broer of suster wat dalk swakker as ons is, die afgrond afstuur nie. Ek kan byvoeg aftakelende woorde, of beledigende woorde, het al baie hartseer en aftakeling veroorsaak, in baie se lewens, met groot skade, wat onherroeplik verby is.

*Bron: Thea Schutte "Lewende Lote" Petrus Steyn - Ingestuur deur Heléne Howell*

# Planne word beraam



*Die lede van Heilbron Dienssentrum is hierdie week hard aan die beplan vir volgende week se verkope van braaibroodjies en wors, boereworsrolle en poeding. Om die tafel sit van voor links: Bets Nortier, Gerda Theron, Alta Claasen, Willie van Tonder, Susan Smit, Joggie van Vreden, Rita Groenewald en Ivy Fourie. Tydens hierdie samekoms is daar baie reëlings wat getref moet word voor die aanbreek van die dag.*

# *HEILBRON* Kliniek - Anxiety Disorder

**• Heilbron Clinic**

**ANXIETY DISORDER**

Everybody knows what it's like to feel anxious - the butterflies in your stomach before a first date, the tension you feel when your boss is angry, the way you heart pounds if you're in danger. Anxiety rouses you to action. It gears up to face a threatening situation. It makes you study harder for that exam and keeps you on your toes when you're making a speech. In general, it helps you cope.

But if you have an anxiety disorder, this normally helpful emotion can do just the opposite - it can keep you from coping and can disrupt your daily life. Anxiety disorders aren't just a case of "nerves". They are illnesses, often related to the biological makeup and life experience of an individual and they frequently run in families. There are several types of anxiety disorders, each with its own distinct features.

An anxiety disorder may make you feel anxious most of the time, without any apparent reason, or the anxious feelings may be so uncomfortable that to avoid them you may stop some daily activities. Or you may have occasional bouts of anxiety so intense they terrify and immobilize you. Anxiety disorders are the most common of all mental disorders. Many people misunderstand these disorders and think individuals should be able to overcome the symptoms by sheer willpower. Wishing the symptoms away does not work - but there are treatments that can help. This brochure gives brief explanations of generalized anxiety disorders (which are sometimes accompanied by agoraphobia), specific phobias, social phobias, obsessive-compulsive disorder and post traumatic stress disorder.

**GENERALIZED ANXIETY DISORDER**

Generalized Anxiety Disorder (GAD) is much more than the normal anxiety people experience day tot day. It's chronic and exaggerated worry and tension, even though nothing seems to provoke it. Having this disorder means always anticipating disaster, often worrying excessively about health, money, family, or work. Even though sometimes the source of the worry is hard to pinpoint, simply the thought of getting through the day provokes anxiety.

**PANIC DISORDER**

Panic Disorder is associated with panic attacks that occur from time to time and can be very debilitating.

**PANIC ATTACK SYMPTOMS**

Pounding heart, chest pains, light-headedness or dizziness, nausea or stomach problems, flushes or chills, shortness of breath or a feeling of smothering or chocking. Tingling or numbness, shaking or trembling.

Feeling of unreality, terror, a feeling of being out of control or going crazy, fear of dying, sweating.

You may genuinely believe you're having a heart attack, losing your mind, or on the verge of death. Attacks can occur any time, even during non-dream sleep.

**OBSESSIVE - COMPULSIVE DISORDER**

Obsessive-compulsive disorder is characterized by anxious thoughts or rituals you feel you can't control. If you have OCD, as it's called, you may be plagued by persistent, unwelcome thoughts or images, or by the urgent need to engage in certain rituals.

You may be obsessed with germs or dirt, so you wash you hands over and over. You may be filled with doubt and feel the need to check things repeatedly. You might be preoccupied by thoughts of violence and fear that you will harm people close to you. You may spend long periods of time touching things or counting; you may be preoccupied by order of symmetry, you may persistent thoughts of performing sexual acts that are repugnant to you, or you may be troubled by thoughts that are against your religious beliefs.

**POST-TRAUMATIC STRESS DISORDER**

Post-Traumatic Stress Disorder (PTSD) is a debilitating condition that follows a terrifying event. Often, people with PTSD have persistent frightening thoughts and memories of their ordeal and feel emotionally numb, especially with people they were once close to.

PTSD, once referred to as shell shock or battle fatigue, was first brought to the public's attention by war veterans, but it can also result from any other number of traumatic incidents. These include kidnapping, serious accidents such as car or train wrecks, natural disasters such as floods or earthquakes, violent attacks such as mugging, rape, or torture, or being held captive. The vent that triggers it may be something that threatened the person's life or the life of someone close to him or her. Or it could be something witnessed, such as mass destruction after a plane crash.

**TREATMENT OF ANXIETY DISORDER**

Treatment for anxiety disorders includes medication and psychotherapy. Treatment may take long but is effective.

For help and more information contact you nearest health care provider.

*Department of Health*

# GESINSTAAL



*Giette poppe toute wees*
*Moete staffe hoe?*
*Laat ha innie hoetie sit*
*En bind die otie toe.*

**ELKE GESIN HET DIT: DAARDIE SPESIALE WOORDE WAT SLEGS HULLE KEN EN GEBRUIK.** Wanneer daar iemand in die geselskap is wie nie die spesiale taal verstaan nie, sal hulle dalk effens uitgesluit voel.

Daar is egter woorde tussen ons wat soos gom is: dit heg ons aanmekaar op 'n vlak wat moeilik beskryf kan word. Dit word ons hartstaal, dit wat net ons verstaan en dit is hoe ons met mekaar verbind word.

Ek is een van vier *sibbe* (ek hoor deesdae hierdie volksvreemde term al hoe meer). Die nasate van hierdie vier het ses kleinkinders opgelewer en tussen hulle is daar al 'n volgende generasie van sewe. Tussen hierdie groot swetterjoel mense broei daar die mooiste taal uit. Ek kan nie eers alles onthou nie, want soos wat ons in gesprek is met ander, kom hierdie familiejuwele uit en geur dit ons gesprekke met die heerlikste sout en peper.

Tertius het nie verwys na 'n pen of potlood nie, hy wou opsluit met 'n skryfie teken. Hy het verwys na 'n blou skryfie of 'n rooi skryfie. Hy kon ons ure vermaak deur te vertel waar elkeen van sy ooms en tannies bly. Oom Johan het in *Petrooja* (Pretoria) gebly, oom Jan in *Linnebrug* (Lydenburg), Lientjie het in *Winterhoekie* (Windhoek) gewoon en Nella in *Blêtlem* (Bethlehem).

**NATASCHA KON DIE BYBELBOEKE IN VOLGORDE OPSÊ EN SY WAS GEK NA HAAR MA SE LEKKER KOS**. Dit was die rede waarom sy die Bybelboeke as volg onthou het: Nahum, Habakuk, Lasagne in plaas van Sefanja. Tot groot pret van die res van die familie.

Gert-Albert het sy oupa gevra om vir hom gewigte te maak. Hy het haarfyn verduidelik hoe dit moet lyk en toe ook gesê dat oupa dit *rumoer* moet verf. *Rumoer?* Ons het na voorbeelde van die *rumoerkleur* gesoek, totdat ons agtergekom het dat dit eintlik maroen was. Ons praat nou nog van *rumoer*.

Hy het een naweek by oupa en ouma gekuier toe sy pa en ma na 'n kongres is. In hierdie tyd het oupa sy, Gert-Albert se fiets skoongespuit met die kompressor. Gert-Albert het sy ore toegedruk en weggehardloop vir die groot lawaai. Hy het ouma gevra oor die groot masjien se naam. Ouma het gesê dit is die kompressor. Later het Gert-Albert summier besluit dat die masjien nou die *komples* heet, sy vermenging van die woorde "kompressor" en "kongres".

Gert-Albert het 'n kortpad gekry om sy oupas en oumas aan te spreek. In plaas daarvan om van oupa Böcking te praat, het hy dit verkort na oupa Buks en oupa Swanepoel het sommer oupa Swan geword. Ons het die twee oupas sò begrawe.

Hy het ook gereeld van sy olifantore gepraat. Wanneer hy ongehoorsaam was, het sy ma hom gedreig met 'n dokter in die Kaap wat kinders se ore afsny en vir hulle olifantore aanwerk. Die beste van alles, het sy hom vertel, was dat die mediesefonds daarvoor betaal.

Jansie en Sally-Anne was weer bang vir die groot boor waarmee pa gate in die mure geboor het. Hulle verwys tot nou toe nog na die *bamboor*, omdat hulle nie die –ng klank kon uitspreek nie.

**EEN MIDDAGETE WAS NIE OP DIESELFDE TYD AS AL DIE ANDER NIE: DIT WAS TUSSEN MIDDAGETE EN AANDETE.** Hulle het verwys na *lupper*, want die ete was tussen "lunch" en "supper". Op 'n *kerk-WhatsApp-groepie* wou iemand weet wat die ete tussen middagete en aandete genoem word. Ek skryf toe so ewe selfvoldaan: *Lupper,* maar Santie reageer toe as volg: "Mens noem dit swak beplanning." Ek kon nie help om te lag nie.

Johan het kleintyd sy ore gespits wanneer pa met sy uniform en sy blink skoene deur die huis gestap het. Die huis het blokkiesvloer van hout gehad. Sy skoene het, volgens Johan, *werts-werts* op die vloere gemaak.

Alison het sonneblomme op die margarienbakkie gesien. Die sonneblomme langs die pad het verander in botterblomme, en die familie verwys steeds daarna.

By 'n troue was daar 'n gesin met drie dogters. Hulle het die oulikste rokkies aangehad, asof hulle al drie uit dieselfde koekiedrukker gekom het. Die rokkies het sonneblommetjies opgehad, en die kinders het na hulle verwys as die sonneblomkinders, en almal het na hulle as sulks verwys.

Ons het op 'n dag 'n inwonende knaagdiertjie gehad wat niemand gevang kon kry nie. Die hond het probeer, sonder enige resultate. So was daar ook geen resultate vir die muisvalletjie en die rottegif nie. In hierdie tyd het daar van die lekkers in die kruidenierskas weggeraak. Baie geheimsinnig. Toe my man daaroor vra, het ek geantwoord dat dit die *mys* was, en van toe af word die *mys* blameer vir enige iets wat in iemand se maag verdwyn.

Maar so dink ek altyd aan Johan se kleintydversie wat hy opgesê het:

*Giette poppe toute wees*
*Moete staffe hoe?*
*Laat ha innie hoetie sit*
*En bind die otie toe.*

**Die oorspronklike versie klink as volg**:

Griet, my pop, was stout gewees
Ek moet haar straf, maar hoe?
Ek laat haar in die hoekie sit
En bind haar ogies toe.

Koester jou gesinstaal, want dit is iets wat nèt julle ken, wat julle stempel dra en wat julle bymekaar hou.

En wanneer iemand nie meer verstaan waaroor julle alles kommunikeer nie, is daar net een oplossing:

*Laat ha innie hoetie sit*
*En bid die otie toe.*

# KERKNUUS

**NG MOEDERGEMEENTE**
**Sondag:** 09:30 Erediens (Doop), Sagte kollekte, Kleuterkerk, Sin Kol: Sinodale Pensioenfonds, Kategese, Gemeentetee Blok 2

**NG SUID**
**Sondag:** 09:30 Erediens
Sin Kol: Fonds vir Opleiding van Teologiese Studente / Kategese Wyksbyeenkomste

**GEREFORMEERDE KERK**
**Sondae:** 09:30 Erediens
Gemeentevergadering - Finansiële verslag & Begroting 2020,
Kol: Emeritaatsfonds, Katkisasie: Les 18 / Diensbeurte: Wyk 5 & 6

**NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK**
H.v Stoffelnel- en Nicolstrate
**Sondae:** 10:30 Erediens / Kategese 10:00
Kontak Ds L.M Prinsloo 083 943 4561

**AGS PLEINSTRAAT 72**
**Sondae:** 10:00 Erediens
Biduur Woensdae 18:30, Vrydae 19:00 - Jeug
Kontakpersone: Past LB Deysel, Tel: 058 853 1016

**CHRISTUS GEMEENTE**
(H/v Right- & Gilbertstraat) - **Sondae:** 09:30 Erediens

**AP-KERK**
Tweedestraat, Vegkop-uitbr.
**Sondag** 10:00 Erediens (Heilbron) / Deurkollekte DVB / VBO Les 20 / Nominasies jaarlikse Kerkraadsverkiesing / Algemene Sustersvergadering / Skinkbeurt Groep 4

**METHODIST CHURCH**
**Sunday**: Worship service 09:30 each Sunday.
Almal welkom / All welcome.
Contact Pastor Chris Schutte 082 319 7820 or 071 410 6238.

**GEREFORMEERDE KERK PHIRITONA**
**Sondag** 10:00 Erediens - **Kontak MP Malindi 078 054 2862**

**EBENHAESER BAPTISTE GEMEENTE**
Hou eredienste op Heilbron elke 2de en 4de Sondag van die maand in die Methodiste Kerk op Heilbron om 12:00.

**EVANG. GEREF. KERK FRANKFORT (MARKSTR. 20)**
**Sondagoggend:** 10:00 Erediens
18:00 Aanddiens / Bidure: Woensdae 18:00
Navrae: Ds Pieter van Wyk Tel: 083 594 3078 of 058 813 2424

**AGS PETRUS STEYN**
Pastoor Nico Theron Sel: 082 880 6477
**Sondae:** 10:30 Erediens / **Woensdae:** 18:00 Biduur

**PENTECOSTAL CENTRE**
(Assemblies of God, Sandersville)
Sondag: 10:00 Heiligmakingsdiens - 17:00 Evangeliediens /
**Maandag:** 18:30 Jeug / **Dinsdag:** 18:00 Gemeentebiduur
**Woensdag**: Huissel, **Donderdag:** 18:00 Sustersbidaand
**Vrydag:** 18:00 Jeugaand, **Saterdag:** 15:00 Worship Team oefen.
Enige gebedsversoeke skakel 058 852 2190
Navrae: Pastoor B. Bentosha 058 852 2190

**AGS KERK SANDERSVILLE**
**Sondae:** Oggenddiens 10:00. Maandag Huissel 06:00, Biduur Woensdag 06:00. Kontak P. van Staden

**CANAAN APOSTOLIC FAITH MISSION SANDERSVILLE**
**Dinsdae:** 17:00 Jeugdienste & Oefeninge / **Woensdae:** 17:00 Gemeentediens & Biduur / **Sondae:** Heiligmaking om 10:30.
Vir meer inligting kontak Pastoor Joey Pienaar 082 673 2321 of Evangelis Frans Lottering 078 402 2000.

**AFRIKAANSE BAPTISTE KERK FRANKFORT**
Sondagskool 09:00 / Oggenddiens: 10:00
Biduur Dinsdae om 10:00 /Bybelstudie Donderdae om 10:00
Navrae: JC Smith 063 247 4774

**DIE MESSIAANSE GELOOF/MESSIANIC BELIEF**
Sien ons webblaaie: www.isr.messianic.org en www.GNmagazine.org/booklets / Sabbatbyeenkomste vir huisgemeentes en selgroepe.
Navrae: Bel/SMS 079 833 3283
(He who believes shall obey, for by his obedience he proves that he believes).

# Heilbron Herald GEMEENSKAPSNUUS

**Op en Wakker Dienssentrum**
vir Bejaardes Reitz

**Program vir week**

**Maandag**
09:00 Kooroefening
**Dinsdag**
09:00 Bloeddrukke
**Woensdag**
09:00 Dorp toe
10:00 Voetsorg
**Donderdag**
10:00 Sosiale program
**Vrydag**
09:00 Bybelstudie
**Kontakpersoon**
**Petro Pretorius**
**082 325 1322**

**Heilbron Dienssentrum**
*Breëstraat 57, Heilbron • Tel: 072 220 7272*
Bestuurder: S. Meades

**PROGRAM**
**MAANDAE:**
08:45 - Gimtrim
**DINSDAE:**
09:30 - Bloeddrukke word geneem.
10:00 - Ledeprogram (Elke week iets anders)
**WOENSDAE:**
10:00 - Speletjies, Jukskei ensovoorts.
Elke week iets anders.
**DONDERDAE:**
17:00 Kooroefening
***Geen byeenkomste tydens skoolvakansies***



**RIEMLAND MUSEUM TYE**
**VRYDAE 09:00 - 13:00**
Vir enige navrae kontak Quarta Pretorius 082 821 2410 of Magdaleen van Rensburg 076 646 8576

**Biblioteek Tye**
**Piercestraat 66 • Heilbron**
Heilbron Biblioteek is VYF DAE per week vir die publiek oop en die tye is as volg:
**MAANDAE TOT VRYDAE**
09:00 - 16:30
BIBLIOTEEK IS GESLUIT OP SATERDAE, SONDAE & OPENBARE VAKANSIEDAE.

'n Sielkundige het gesê as jy depressief is of voel, en jy kry swaar om te bid, wees net rustig, en sê niks nie, weet dan die Here hou jou vas. Die Heilige Gees tree vir jou in.

*- Heléne Howell Huis Bron-van-Heil*

# GEKLASSIFISEERD
Smalls

**Die Heilbron Herald word uitgegee & gedruk deur die eienaars Heilbron Herald (Edms) Bpk,**
**Elsstraat 44, Posbus 166, Heilbron**
**Tel: (058) 852 3033/4/5 • Faks: (058) 853 0140**
**www.heilbronherald.co.za**

**E-POS ADRESSE**
- **Abrie Watson** abrie@heilbron.co.za
- **John Watson** john@heilbron.co.za
- **Winkel** heraldwinkel@heilbron.co.za
- **Lizzy** herald@heilbron.co.za (Kommersiële drukwerk & koerant bydraes ens.)
- **Carien** heraldgraphics1@heilbron.co.za (Kommersiële drukwerk & koerant bydraes ens.)
- **Delareyz** finance@heilbron.co.za (Rekenings, state ens.)
- **Christelle** heraldoffice@heilbron.co.za (Bestellings ens.)
- **Jeanne** heraldgraphics2@heilbron.co.za (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
- **Elsabé** heraldgraphics2@heilbron.co.za (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
- **Jolandri** heraldnuus@heilbron.co.za (Koerant, advertensies)

**Koerant sirkuleer in Heilbron, Petrus Steyn, Frankfort en Reitz.**

*Menings en opinies wat uitgespreek word in briewe en rubrieke, is dié van die individue en weerspieël nie noodwendig die siening van die redaksie nie.*

## WEERVOORSPELLING

| | | |
|---|---|---|
| Sa 3 Aug. | 6 / 24 | Sonnig |
| So 4 Aug. | 7 / 26 | Sonnig |
| Ma 5 Aug. | 7 / 24 | 69% kans vir laatmiddag buie |
| Di 6 Aug. | 4 / 19 | 69% kans vir reën |
| Wo 7 Aug. | 7 / 19 | Sonnig |
| Do 8 Aug. | 3 / 16 | Sonnig |
| Vr 9 Aug. | 4 / 16 | Sonnig |
| Sa 10 Aug. | 4 / 18 | Sonnig |
| So 11 Aug. | 5 / 19 | Sonnig |
| Ma 12 Aug. | 5 / 19 | Sonnig |
| Di 13 Aug. | 5 / 19 | Sonnig |

## KENNISGEWING

### NOTICES OF DEBTORS AND CREDITORS

In the Estate of the late **MAGDALENA PETRONELLA NAUDE,** Identity Number: 611231 0145 088, in life unmarried, Residing at 31 Ringer Street, District Heilbron, Province Free State, who died on 19 June 2019, Estate Number: 5343/2019.
All persons with a claim against the above mentioned estate must submit it to the executor within 30 (Thirty) days from date of publication.
Signed at Heilbron on 22 July 2019.
**(GET) AA SCHUTTE**
**CORNELIUS & PARTNERS INC**
**40 CHURCH STREET**
**P.O BOX 205**
**HEILBRON, 9650**
**TEL: 058 852 2035**

### NOTICE OF LIQUIDATION AND DISTRIBUTION ACCOUNT LYING FOR INSPECTION

In the Estate of the late **EVERT JOHANNES DU TOIT,** Identity Number: 270713 5008 082, in life married out of community of property, Uitval, Rooiwal, District Koppies, 9650, Province Free state, Estate Number: 8062/2017.
Hereby notice, in accordance with Article 35(5) of Act 66 of 1965, that the First and Final Liquidation and Distribution Account will be available for inspection for a period of 21 days from date of publication in the office of the Master of the High Court Bloemfontein and in Koppies Magistrate Court.
If no objections are lodged with the Master in the said period, the Executor will proceed to the payment in accordance with the said account.
**(GET) AA SCHUTTE**
**CORNELIUS & PARTNERS INC**
**40 CHURCH STREET**
**P.O BOX 205**
**HEILBRON, 9650**
**TEL: 058 852 2035**

## DIENSTE

### BLOEDSKENK DATUMS HEILBRON
*PLEK: N.G Kerksaal (Suid)*

- 19 Sept. 2019 (Op 'n Donderdag en nie op 'n Dinsdag nie, 24ste is 'n vakansiedag en langnaweek).
- 26 November 2019




## JAAR-BEPLANNER

**AUGUSTUS**
*21 Huis- en Tuinbouklub vergadering*
*30 NG Kerk - Konsert met Du Preez Stols*
*31 NG Kerk - Blyweesfees (Bergfiets rit)*
**SEPTEMBER**
*1 NG Kerk - Erediens (Vier vanjaar 90ste be-staansjaar)*
*18 Huis- en Tuinbouklub vergadering*
**OKTOBER**
*12 SPAR-Gholfdag*
*23 Huis- en Tuinbouklub vergadering*

### BAAL VAN OESRESTE
Baal van mielie-reste of bone.
Petrus Steyn, Heilbron, Frankfort en Lindley.
**Kontak Jaco Meiring**
**082 851 6158**
**Piet Meiring**
**082 571 4191**
**peerlandhandel@gmail.com**

### HOUTWERK
Vir alle herstelwerk en maak van houtmeubels.
**Kontak**
**Morné Naude**
**084 890 9366**
**Sampie Fronemanstr. 10 Heilbron**
K1677

## TE KOOP




### TUPPERWARE TE KOOP
Vir bestellings kontak
**Jolandri**
**079 846 1075**
**Heilbron**

### TE KOOP
Trojan RunX Trapmeul (Treadmill)
**Skakel Kobus vd Berg**
**084 208 1534**
K1680

### GEORGE MEYER FINANSIËLE DIENSTE
**Ons bied 'n uitgebreide professionele oplossing vir:**
- Medies en gesondheidsorg
- Lewensversekering
- Korttermynversekering
- Kommersiële versekering
- Begrafnisdekking
- Groepskemas
- Gekonsentreerde beleggingsbestuur
- Spesialis testament, boedel en trust administrasie

Gee ons 'n kans om u portefeulje te evalueer en kostevry met u te konsulteer.

***Kontak Marianne 058-853 0093***
***Marianne.jansevanrensburg@liblink.co.za of besoek my kantoor Breëstraat 41 Heilbron***

### ROLSTOEL PROJEK
Kom help ons om "bread tags" in te samel, vir elke 350 kg word 5 rolstoele geskenk aan behoeftiges. Daar is 'n houer in Herald Office National winkel. As almal saamwerk word dié 350kg gou-gou ingesamel.

## TE HUUR

### HEILBRON ROLBAL-KLUBHUIS
Geskik vir ongeveer 70 mense.
Sluit in volledige eetgerei, stoof en 2 oonde, gelisensieerde kroeg beskikbaar.
**Bespreek by Magda Bierman**
**083 292 1503**
G

### PLAAS TE HUUR
Tenders word ingewag vir plaas Welgevonden 256ha, 25 kilometer vanaf Heilbron in noordwestelike rigting ± 175ha droë lande en 81ha weiding.

**Sluitingsdatum:**
16 Augustus 2019
**Kontak Ina**
**083 389 3279**
SKB

| | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 9 | 4 | | | 1 | | | | |
| | | 8 | | | | 9 | | 4 |
| | | 5 | | 2 | | | 8 | |
| | 8 | 3 | | | | | | 2 |
| 1 | | | 8 | | 2 | | | |
| | | | | 9 | 5 | 1 | 4 | |
| | 3 | 7 | | | | | | |
| 8 | | | | | | 4 | 7 | 3 |
| | | | 7 | | 6 | | | |

**SUDUKU** - *Each grid is made up of nine columns by nine rows. This grid is then divided into groups of nine boxes giving a total of nine blocks. Each of these nine blocks must have the numbers 1 to 9 placed in them, but here is the catch - no row and no column can have any number repeated so your job is to place the numbers in the boxes without repetition in the rows and columns.*




## EIENDOMME

### VAN DER MERWE & VENNOTE EIENDOMME
*Vir die beste transaksies en diens*
**Elsstr. 47 HEILBRON**
**Tel: 058 852 2041**
**Petro Meintjes - 083 308 9159**

Raak deel van ons lekker-lees gemeenskapskoerant en stuur vir ons jou foto's van mylpale wat bereik is, asook ander aktiwiteite. Ons plaas dit graag.
Vir enige nuus wat jy graag met die lesers wil deel, skakel kantoorure by 058 852 3033.




**AANDAG Indien u enige REGS-ADVERTENSIE of ANDER ADVERTENSIE per epos of faks stuur, maak asseblief seker dat u 'n ONTVANGS-ERKENNING kry om enige probleme vroegtydig uit die weg te ruim.**

# Wildebeeste takel semifinale

## Heilbron VS Voortrekkerhoogte

Saterdag het die eerste rugbyspan van Hoërskool Heilbron op hulle tuisveld uitgedraf in die kwartfinaal van die Versekerbeker teen Ferdinand Postma van Potchefstroom. Na 'n goeie spel klop hulle die Potchefstromers 10/7 en dring deur na die semi finale wat hierdie naweek op hulle wag. Die Wildebeeste van Heilbron draf Saterdag uit teen Voortrekkerhoogte in Pretoria. Die stryd sal teen 11:00 afskop.




*Op die foto bo - agterste ry: Mike Henn, Kwagga Ellis, Xander Visagie, Rudi van Niekerk (kaptein), Jan Strydom en Arno Hendrikse. Derde ry: Sipha Malindi, Roberto Meneses, Ryan Nel, Geo Hausleitner, Koos Scheepers, Francois Els, Wolter Bennink, Jacques Herbst en Waldo Steyn. Tweede ry: De Jager Jooste, Celoven Witbooi, Rethabile Mokoena, Gawie Pretorius en Jayselyn Witbooi. Voor: Adriaan Pelser, Pula Fox, Robert Daniel en Sarel Mouton. Foto erkenning: André Pretorius Fotografie*

Postal address: PO Box 359
Physical address: Liebenbergstrek
**PARYS**
9585
Tel: +27 (0) 56 811 2131
Fax: +27 (0) 56 811 2046
e-mail: jordaanr@ngwathe.co.za

Ngwathe MUNICIPALITY
The home of harmony, prosperity and growth

**OFFICE OF THE MUNICIPAL MANAGER**

Our Ref: Electricity/Tariff

**PUBLIC NOTICE:**

**INVITATION FOR INPUTS AND COMMENTS ON THE 2019/2020 ELECTRICITY TARIFF**

NOTICE IS HEREBY GIVEN IN TERMS OF SECTION 17, 21 AND 95 OF THE LOCAL GOVERNMENT MUNICIPAL SYSTEM ACT NO. 32 OF 2000, AS AMENDED AND SECTION 17, 21, 22, 23 AND 24 OF THE MUNICIPAL MANAGEMENT ACT NO 56 OF 2003

This notice serves to inform the public and stakeholders that Council of Ngwathe Local Municipality at the meeting held on 30th May 2019, approved the Tariff Structure for implementation from 01 July 2019 to 30 June 2020.

Council budgetary assumption and consultative percentage increase of 8.41% on Electricity Tariff was based on Eskom Increase Guidelines of 9.41% as issued by National Electricity Regulator of South Africa (NERSA), since, the Municipal Tariff Guideline Increase was not available to serve as a benchmark, the Municipal Tariff Guideline was only published on 27 May 2019, two (2) days before Council budget approval.

NERSA has approved a tariff increase of 15.63% for Eskom and 13.06% for Ngwathe Local Municipality. It is based on this approval from NERSA that Council, wishes to invite public comments, inputs and written representation on the approved NERSA Electricity Tariff of 13.06%.

**Written inputs and comments on the implementation of NERSA approved electricity tariff of 13.06% should be directed to the Office of the Chief Financial Officer, Mr. Hopolang I Lebusa, through any of the following communication method:**

Physical delivery : Municipal Office, Liebenbergstrek, Parys
Email : hopolang@ngwathe.co.za

**Closing date for inputs and comments is the 14 August 2019.**

**BW KANNEMEYER**
**Municipal Manager**

# JA Malherbe leerders se eerste rondte by WOW Spelfees



*Op die foto bo leerders van Gr 4- tot 7-klasse van die JA Malherbe Primêre Skool op Petrus Steyn het aan die WOW Spelfees se eerste rondte op Bethlehem gaan deelneem. Hulle is agter van links: Meané Richter, CJ Grové, André van der Merwe, Natalie Fick, Dimpho Dlamini, Danek Meyer, DJ Jacobs en Hudson Mahlasela. Voor: Hugo Fourie, Johané Pretorius, Kaylie de bruyn, Johannes Khampepe, Marisa Islam, Janique van Heerden en Tiara Stenge.*



*Op die foto bo leerders van die Gr-1 tot 3-klasse van die JA Malherbe Primêre Skool op Petrus Steyn het aan die WOW Spelfees se eerste rondte op Behlehem gaan deelneem: Hulle is van links: Franco Sieberhagen, Raayesa Islam, Roux-Rÿk vd Merwe, Necogene Mothebele, Shawn Bhuyian, Quanda Malindi, Sulandri Bornman, AJ Flemming en Tsegofatso Thsabalala.*

# Wat 'n belewenis!

**• *Fred Crafford***

'n Groot eer het vier inwoners van Heilbron te beurt geval die afgelope Saterdag (27 Julie) om 15:00.

Die Skool van Kunste van die Universiteit van Pretoria het ter viering van die 80ste verjaardag van Prof. Henk Temmingh 'n spesiale orreluitvoering (van Prof. Temmingh se werke) in die UP kapel gehou en 'n beperkte aantal gaste is uitgenooi om die geleentheid by te woon.

'n Baie besondere geleentheid was dit gewis! Vyf van Suid Afrika se bekendste orreliste het opgetree en die uiters moeilike werke (nogal in die teenwoordigheid van Prof Temmingh!) met puik spel voorgedra! Die klanke van die Rieger pyporrel was asemrowend mooi, van sag en strelend tot kristalhelder en diep rollende vloedgolwe! Die orreliste was die wydbekende Prof Wim Viljoen, internasionaal bekende Prof Theo van Wyk, Andrea Mitas en Pierre Cronje. Wat 'n wonderlike voorreg om saam met uitgesoekte gaste te kon luister na wêreld-klas kunstenaars en na die tyd saam met die baie nederige mense te kon kuier rondom tafels vol uitsoek versnaperings.

Jan en Zani Jooste, Fred Crafford en moeder Heléne van Heilbron was onder die genooide gaste wie die geleentheid saam met Prof Temmingh kon vier.



*Op die foto verskyn Jan Jooste (regs) en Fred Crafford (links) van die Gereformeerde gemeente Heilbron, in die Kapel met die Rieger orrel in die agtergrond.*

# HEILBRON DUIWEKLUB

## Amper Unie wen vir blou hennetjie



Die wedvlugte vanaf Aliwal-Noord, 400km, was sover vanjaar die taaiste, aangesien die duiwe teen 'n noordewind gevlieg het. Die jong duiwe het die afstand in 5 uur 25 minute afgelê en die ou duiwe effe vinniger.

Zenith A wen die jongduif wedvlug en sy duif was 18de in die Vaal Posduif Unie. Frik Viviers wen dié ope wedvlug en sy wenduif was 2de in die Unie. Heilbron kon nog nie vanjaar die Unie wen nie, maar met die lang pad wat nou begin, raak die kanse goed.

**ALIWAL-NOORD JAAROUD**

1. Zenith A, 2. F Viviers, 3. Zenith B, 4. Stemmet Hokke, 5. Zenith A, 6. F Spangenberg, 7. Zenith A, 8. Zenith B, 9. F Viviers, 10. Zenith B.

**ALIWAL-NOORD OPE**

1. F Viviers, 2. F Viviers, 3. F Viviers, 4. F Viviers, 5. Crause & Seun, 6. F Viviers, 7. F Viviers, 8. Crause & Seun, 9. Crause & Seun, 10. F Viviers.

# KRANSFONTEIN RESIESDUIFKLUB

Op 27 Julie 2019 het Kransfontein Resiesduif Klub vanaf Noupoort gevlieg.

Daar het 438 duiwe deelgeneem in die reis. Die duiwe is teen 07:45 losgelaat. Met die loslating was daar 'n sterk noordewind en die duiwe het wind van voor gehad die hele pad. Die wenduif is deur Bosman & Seuns geklok 14:38. Die distansie was 503 km tot by die wenduif se hok. Die wenspoed is 1216.462 meters per minuut.

**HIER VOLG DIE UITSLAE:**

1ste - Bosman & Seuns, 2de - Griesel Hokke, 3de - Spartan Pigeons, 4de - Fourie Hokke, 5de - Spartan Pigeons, 6de - FED Hokke, 7de - Liefde Hokke, 8ste - Spartan Pigeons, 9de - Wolmarans Hokke, 10de - Wolmarans Hokke.

# Frankfort Rugbyklub

Frankfort Rugbyklub het hul jaarafsluiting sowel as die prysuitdeling die afgelope naweek gehad. Na 'n besonderse seisoen en 'n oorwinning in die finaal teen Reitz, was dit gepas vir 'n goeie afsluiting. Die gasheer, Richard Bands, oud Springbok- en Bloubul stut, het die trofees aan die speler gedurende die aand oorhandig. Die volgende spelers het trofees ontvang: MJ Lourens (mees belowende speler van die jaar), Marco Reineche (geelspeler van die jaar), Christiaan Muller (agterspeler van die jaar), Jacques Meyer (voorspeler van die jaar) en Gerrie Muller en Nakkie Naude ontvang rugbyspeler van die jaar. Die groep spelers sien uit na 'n belowende seisoen volgende jaar.




*Op die foto bo - span: Agter: D Muller, PJ Muller, T Muller, J Meyer, GJ Lubbe, N Bester, R Frade, D van der Merwe, J van Huyssteen, C Muller, G Muller, C Viljoen, N Naude, MJ Lourens, F van der Merwe, J Claasen, B Luide en P van der Merwe. Voor: Richard Bands, P Lombard, Q Meyer, J Saaiman, P le Roux, JD Steyn en M Reineke.*

*Foto erkenning: Frankfort Herald*



*Op die foto bo - spelers van die jaar: G Muller, Richard Bands en N Naude*



*Op die foto regs - Frankfort Rugbyklub se bestuurspan: Agter: PJ Muller, D Muller, T Muller, Richard Bands, J Mostert en W Vorster. Voor: J Saaiman, JD Steyn en P Le Roux.*


# U EEN STOP WINKEL

**BESIGHEIDSURE**

**Maandae tot Donderdae:** 07:30 tot 17:00
**Vrydae:** 07:30 tot 16:30 • **Saterdae:** 08:30 tot 13:00

Besoek ons vir al u skryfbehoefte benodigdhede, digitale drukwerk, wye formaat drukwerk, korporatiewe drag, geskenke, kantoormeubels, oorpakke, veiligheidsklere en -skoene, informele drag en vele meer.

***Kontak ons gerus vir flinke en vriendelike diens.***


# BETREKKINGS

## VAKANTE BETREKKING SIX STAR GROEP

**KUDDEBESTUURDER SKAAP - EN BEESBOERDERY:**

**VEREISTES:**

1. Hantering en identifisering van teeldiere en aanwas.
2. Toediening van alle doserings en inentings.
3. Merk, onthoring, kastreer, tatoeër en brand van alle diere.
4. Identifisering en behandeling van alle siektes.
5. Volledige rekordhouding van alle diere oor alle aspekte van inentings, siektebehandeling asook lam - en kalfrekords.
6. Volledige rekordhouding van teelbulle en ramme - gebruik in verskillende teeltroppe - vroulike diere.
7. Weeklikse getalopnames van alle diere op ongereelde tye.
8. Volledige weidingsbestuur.
9. Voorsiening van lekke en kragvoer soos van toepassing.
10. Skaaplamhokke en kleinkamp lambestuur.
11. Skeer en hantering van wolskeersel.

**KWALIFIKASIES:**

1. Eerlik en toegewyd ten alle tye.
2. Ten minste 5 jaar se ondervinding van bogenoemde boerderye.
3. Netheid.
4. Meganiese kennis en herstel van windpompe, draadspan, instandhouding van damme, waterkrippe, voerkrippe, hekke, store, trekkers en implemente waar van toepassing – raaksien en regmaak van alles wat foutief is.
5. Moet onafhanklik kan funksioneer en organiseer.
6. Bereidwilligheid om lang ure te werk - lamtyd en kalftyd verg ekstra ure sowel as Saterdae en Sondae.
7. Respek kan verdien by werkskollegas en plaaswerkers.
8. Kennis van veesiektes.
9. Hardwerkend en eienaarskap aanvaar.
10. Boerdery word bedryf en bestuur op verskillende eiendomme – bestuur en organiseering hiervan.

**VOORDELE:**

1. Word deel van 'n groep met verskillende vertakkings wat baie uitdagings bied.
2. Gratis gerieflike woonhuis.
3. Mededingende salaris mer verlofvoordele.
4. Winsdeel van betrokke kuddes in die vorm van aanteel.
5. Termynkontrak.
6. Voertuig - Word eiendom volgens ooreenkoms.
7. Baie goeie laer- en hoërskool in Frankfort met koshuis fasiliteite.

**STUUR ASB CV VOOR 10 SEPTEMBER 2019 NA:**
**admin@sixstarmill.co.za**

***Kwalifiseerende aansoeke sal voor 20 September 2019 genooi word vir persoonlike onderhoud.***


OK Furniture

Take the next step to where the sky is the limit with the Shoprite Group of Companies in **Heilbron**.

## Branch Manager

**This management role will see you:** • planning and organising the medium and long-term activities of the branch • ensuring that set targets are achieved • managing staff • identifying and solving problems relating to customers, staff and equipment.

To qualify, you will need at least three years' managerial experience, in addition to the essential requirements mentioned below.

**Essential requirements:** • a Senior Certificate or equivalent • computer literacy • two years' retail experience • fluency in spoken and written English • an understanding of customer service principles • willingness and availability to work flexible retail trading hours.

Applicants who do not meet all the requirements will not be considered for appointment.

In addition to excellent career opportunities, the Shoprite Group offers market-related remuneration packages, which include attractive benefits.



**Forward your CV, covering letter and a certified copy of your ID, in confidence to tamoore@shoprite.co.za**
**Please specify for which post and branch you are applying for.**

**Closing date:** 14 August 2019

*If you have not received a response within four weeks after submitting your application, please accept that other applicants were more suitable for the job.*

*The Shoprite Group promotes and applies the principles of Employment Equity and additionally, reserves the right not to make an appointment.*

SHOPRITE group of companies

www.ayandambanga.co.za 137321/REV www.thecandocompany.co.za

# SPORTverslag

# Oumens-Albaster - Dink weer

Rolbal as sport is altyd gesien as 'n sportsoort wat net deur "oumense" beoefen word en vandaar dan ook die stigma van oumens-albaster. Wanneer al die fisiese sportsoorte soos rugby, tennis en gholf nie meer beoefen kan word nie, dàn word daar gekyk na deelname aan rolbal en vandag is daar menige spelers wat erken dat hulle spyt is omdat hulle nie vroeër in hulle lewens rolbal begin speel het nie.

Ongelukkig is rolbal een van die baie kleiner sportsoorte wat deur die jare min mediadekking gekry het en is spelers en administratiewe beamptes van klubs en distrikte verantwoordelik vir die bemarking van die sport.

Heilbron Rolbalklub spog egter met spelers van verskillende ouderdomme van so jonk as 17 tot met 90+, in die persoon van Tannie Rita Hoffman, sy speel steeds 'n barshou en jonger spelers moet elke keer uithaal en wys as hulle teen haar speel, 'n bewys dat rolbal 'n sportsoort vir alle ouderdomme is.

**Wat is rolbal?**

- Maklik om te leer, maar moeilik om te bemeester
- Goedkoop sport om te beoefen
- Inklusief, sport vir almal ongeag ras, ouderdom, geslag of vermoë
- Baie sosiale sportsoort
- Klubs is normaalweg binne bereik
- Hou jou aktief
- 'n Sportsoort vir die hele gesin
- Baie kompeterende sport
- Hou jou gees jonk en 'n plek waar jy kan behoort.

Kom rol 'n paar balle en geniet 'n drankie na afloop van die spel saam met ons Woensdae- en Saterdaemiddae, en besluit dan self of dit 'n oumens-sportsoort is.



*Adele Booysen, Rita Hoffman, DJ Steyn, Gustav Booysen en Petro Habig.*




LAST CALL!
Deadline: 31 August 2019.

Notice to Compensation Fund Clients

This notice serves as a last call to clients who have outstanding claims lodged on or before 1st August 2014 to submit the following outstanding documents:

For injury on duty:
- First Medical Report (W.Cl.4)
- Progress and final Medical Report (W.Cl.5)
- Resumption Report (W.Cl.6) by the employer or an affidavit (W.Cl.132) by the employee regarding the period booked of duty to recuperate from injuries/ diseases
- Certified ID document of the employee

For Occupational diseases:
- First Medical Report (W.Cl.22
- Progress and final Medical Report (W.Cl.26)
- Resumption Report (W.Cl.6) by the employer or an affidavit (W.Cl.132) by the employee regarding the period booked of duty to recuperate from injuries/ diseases
- Certified ID document of the employee

All Medical Reports relevant to the specific disease such as:
- Lung Function tests
- X-ray reports
- Audiograms
- Industrial history (W.Cl.110)
- Histology/Cytology Report
- Diagnostic and baseline audiograms
- Ear, Nose and Throat Specialist Report (ENT)
- ID document of the employee
- Any other medical report related to the occupational disease

Fatal accidents:
- Declaration by dependent Widow Form (W.CL.32) attested by a Commissioner of Oaths
- Notice of Accident and Claim for Compensation (W.CL.3), page one and two
- Unabridged birth certificates of the children under the age of 18 years at the time of the accident

- Certified copy of the claimant's ID document
- Specified Burial Expenses Account (W.Cl.46) with receipt(s) if paid
- Death certificate
- Marriage certificate
- ID document of the employee

NB: All outstanding documents must be submitted to your nearest Department of Labour centres or email them to: CF-claims2014@LABOUR.gov.za

For more information, visit your nearest Department of labour centres, Provincial Offices or log onto WWW.LABOUR.GOV.ZA or refer to the Gazette no: 626 of 2019, Reference number 42431 page 33-36.

Compensation Fund services are FREE!
Compensation Fund Working for you!!!!

labour
Department: Labour
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA
2030 NDP
Compensation Fund WORKING FOR YOU


**Sperdatum vir advertensies en bydraes vir die Heilbron Herald van 8 Augustus is Dinsdag om 10:00.**


BKB Louwid NOORD
Die komende week se BELANGRIKSTE veilings

MAANDAG - 5 AUGUSTUS 2019
BULTFONTEIN Twee-weeklikse veiling
Kontak Louwtjie Bezuidenhout 082 827 7443

DINSDAG - 6 AGUGUSTUS 2019
VEREENIGING Weeklikse veiling
Kontak Freek Pieterse 079560 7088
KLERKSDORP Weeklikse veiling
Kontak Fanie Nel 083 325 3066
DEVON : OPEN RANGE BEEFMASTERS
63 Top Beefmasters
11:00, Leeuwkop, Devon
Kontak Roelof Heenop 082 342 199

WOENSDAG - 7 AUGUSTUS 2019
BLOEMFONTEIN : NASIONALE SAVM
110 SAVM skape
11:00, Bloemfontein skougronde
Kontak Wilbur Meyer 082 349 3189
MEMEL : MARITZ BOVELDER & BOSHOEK BOVELDERS
70 Top Bovelder bulle
11:00, Boshoek, Memel
Kontak Lukas Steenkamp 067 404 0690

DONDERDAG - 8 AUGUSTUS 2019
KROONSTAD Weeklikse veiling
Kontak Wilbur Meyer 082 349 3189
FRANKFORT Weeklikse veiling
Kontak Piet Boshoff 083 210 7135
THEUNISSEN : KANDYS BEEFMASTERS
180 Top Beefmasters
11:00, Brakfontein, Theunissen
Kontak Louwtjie Bezuidenhout 082 827 7443

VRYDAG - 9 AUGUSTUS 2019
STANDERTON Weeklikse veiling
Kontak Roelof Heenop 082 342 1992
POTCHEFSTROOM Weeklikse veiling
Kontak Riaan Herbst 076 154 5049
HEILBRON : WEDAN BOERDERY & LOUISE DOHNE MERINO STOET
1210 Dohnes & 1110 Bonsmaras
11:00, Canossa, Heilbron
Kontak Piet Boshoff 083210 7135

SATERDAG - 10 AUGUSTUS 2019
KROONSTAD : HUGO DORMERS
350 Dormers
11:00, Kroon Boma, Kroonstad
Kontak Wentzel Vorster 082 566 1369

www.bkb.co.za
BKB Louwid NOORD 2005/026173/07
Posbus 220, Frankfort, 9830
Tel: (058) 813 1071 Faks: (058) 813 2317
e-pos: frankfort@bkblouwid.co.za
BKB LOUWID